

## BOEKE EN GESPREKKE

### Innibos Boeke-crawl

Met Elsabé Daneel, Wilken Calitz, Riana Scheepers, Helena Hetteema, Waldimar Schultz en Ira Blankenberg

Datum en tyd: Do 27 Junie 14:00, 16:00 en 18:00

Plek: Kaapsehoop

Tydsduur: 240 minute

Gradering: Volwassenes

Prys: R302 (ligte verversings en drinkgoed ingesluit)

Busse vertrek vanaf NG Kerk Westergloed se parkeerterrein, Koraalboomstr. 36.

Produksie ondersteun deur Bohemian Groove Cafè, Silver Mist-gastehuis en Van Loveren-wyne

Die trefkrag van die digterlike woord gee by vanjaar se immer gewilde Innibos Boeke-crawl die toon aan. Ons toer weer agter woord en musiek aan na Kaapsehoop, die klein bergdorp met sy eiesoortige atmosfeer.

Die eerste stop is by Bohemian Groove Cafè waar aktrise en woordkunsenaar Elsabé Daneel kragte saamsnoer met musikant Wilken Calitz, bekend vir sy filmklankbaanwerk aan onder meer *Die wonderwerker* en *Kristalvlakte*, om ou en nuwe gedigte musikaal te laat opklink. Klanke word op die verhoog opgedis, opgeneem, verwerk, ge-'loop'en dan vermeng met voordrag om die verse tot op die been te ontgin. Só het jy ou bekende gedigte nog nooit gehoor nie!



Die tweede stop is by Long Creek Lodge waar bekroonde en geliefde skrywer Riana Scheepers uit haar werk gaan voorlees. Maak jou gereed vir 'n

sensuele luisterervaring soos min. Helena Hetteema is die musiekkunstenaar wat bekend is om haar gevoelvolle optredes van geliefde liederes.



Laastens stap ons na die klein kapel. Waldemar Schultz en Ira Blankenberg dra van Afrikaans se mooiste liefdesgedigte voor, naatloos verweef tot 'n verhaal waarin verlange, vreugde, begeerte, hartstog, skeiding, verlies en herinnering betekenis kry. Want, in die woorde van I.D. du Plessis, "die liefde neem 'n duisend vorme aan".



Die Innibos Boeke-crawl is waar die krag van die woord gevier word!

### Storievuur – Huil van die lag

### Met Dana Snyman en Mathys Roets

Venue: Nelspruit Laerskool Kultuursentrum

Datum en tyd: Wo 26 Jun 18:00

Tydsduur: 75 minute

R102

Ondersteun deur Van Loveren-wyn

Mathys en Dana neem jou saam op 'n bittersoet storiereis wat jou soms sal laat lag en soms verdrietig sal maak. Nes die lewe maar is.

"Is intelligente musiek en stories nie op die ou end al wat ons het om mekaar en die lewe se dieper dinge te verstaan nie?" vra Dana en Mathys in hierdie produksie waarmusiek en woord saamgesnoer word.



Mathys se liedjies en Dana se stories praat met mekaar. So het Mathys se weergawe van Gert Vlok Nel se *Hillside Lullaby* Dana herinner aan sy storie oor 'n swanger kroegmeisie. Daar is ook Nardus du Plooy se lied *In my lewe*. "Dié lied is 'n soort getuigskrif vir al ons middelklaskinders wat in die suburbs en op die platteland grootgeword het," sê Dana. "Party van my stories, dink ek in alle nederigheid, doen dieselfde. Om te weet wie jy is, glo ek, jy moet weet waar jy vandaan kom. En hoe kan 'n mens dit beter ontdek as met behulp van musiek en stories?"

Kom skink 'n glas Zandvliet-wyn, kuier om die vure en luister na stories wat jy nog lank sal onthou!

## Woorde Innituin

Met Riana Scheepers en Coffee Snobs

Programleier: Elma Potgieter

Datum en tyd: Vr 28 Jun 13:00

Plek: Suikerbossie-teetuin, Barbertonpad (R40)

Tydsduur: 140 minute

Gradering: Volwassenes

Kaartjieprys: R182 (ligte verversings en drinkgoed ingesluit)

Produksie ondersteun deur Van Loveren-wyne

Riana Scheepers is 'n bekroonde skrywer wat in vele verskillende genres skryf, van kortverhale (waaronder *Dulle Griet*, die *Katriena*-verhale en *Katvoet*) wat roer en raak en soms onhutsend sensueel is, tot kinderboeke (o.m. *Blinde sambok*, *Die avonture van wilde Willemientjie*) poësie (*Met die taal van karmosyn*) en rubrieke (*Daar is 'n engel in my huis*). Sy is ook die samesteller van verskeie bundels.



In samewerking met die musiekpaar Coffee Snobs laat hulle nou die kollig val op tradisionele digterlike vorme wat musikaal verwerk is om nuwe dimensies van skoonheid, ontroering en verwondering te verkry. Die genres wat getoonset en gesing word, is onder meer die enigmatiese pantoen, 'n sensuele hooglied, 'n meesleurende wiegelied en 'n broeiende vilanelle - en vir afwisseling, 'n tranetrekende smartlap en 'n outentieke Kaapse moppie. Ander digvorme wat ook opgevoer word, is

'n ode, ballade, parodie en 'n lament.

Donkernagpantoen bewys dat hierdie "argaïese" digvorme steeds vars, modern en vonkelend is – en by uitstek geskik om gesing te word.



Elma Potgieter, veteraanaktrise en woordkunstenaar, is die programleier. Woorde Innituin is kos vir die siel vir die fynproewers van die woord. Moenie dit misloop nie!

## Kinder Storie-krôl

Aangebied deur Marlene du Toit van Mosaïek Opvoedkundige Sentrum

Datum en tyd: Wo 26 Jun tot Vr 28 Jun 9:00 en 11:00, Sa 29 Jun 9:00

Plek: ATKV Boeke-oase, Hoërskool Nelspruit Kultuursentrum

Tydsduur: 60 minute

Gradering: Gesin

Prys: R82

'n Hele storiedorp om te ontdek! Hierdie opwindende produksie is een van die groot treffers die afgelope twee jaar, en vir die derde Storie-krôl vanjaar word nóg meer verbeeldingryke verrassings vir die kleinspan beplan! Dit is sommer groot boeke-pret vir want min dinge betower soveel soos 'n regte-egte storie...

Binne die storiedorp is vier verskillende storiemente en die kleingoed "krôl" van die een na die ander om na verskillende voorleesstories te luister. Elke

storiement word omskep in 'n fantasiewêreld om by die spesifieke boek te pas en sal die kleuters se verbeelding aangryp. 'n Klein bederfie vir elke kleuter se goeters-sakkie (*goody-bag*) word by elke storiement uitgedeel.



Die Kinder Storie-krôl is gemik op 2-8-jariges, en word gelei deur ervare kleuterskoolpersoneel. Mamas en pappas kan die kleingoed begelei (gratis) of ontspan by die koffiewinkel by die ATKV-Boekeoase terwyl die kleuters meegevoer word na 'n wêreld vol stories.

Hier ontdek kleingoed op 'n prettige manier hoe lekker lees is, en dat boeke 'n mens sommer baie slim maak!



# ATKV

# BOEKE- OASE

## Kultuursentrum, Nelspruit Hoërskool

Die ATKV-Boeke-oase is dié plek om te ontspan en kos vir die siel te kry!

Toegang tot die terrein is gratis, en hier kan jy heeldag rustig kuier, koop en luister.

### ATKV-Boekgesprekke Gratis

Bekende en geliefde skrywers verklap elke dag hul skryf- en ander geheime tydens die ATKV-Boekgesprekke. Kom maak kennis, luister na wat hulle inspireer en laat jou boek onderteken!

### ATKV-Boekwinkel 8:00-17:00

Vir jou gerief is die ATKV-Boekwinkel op die terrein en kan jy daar al die boeke koop van die deelnemende skrywers – asook hope ander!

### Koffiewinkel

Feesvier kan 'n mens lekker honger maak, en by Duet Cafè is lekker ligte etes, versnaperinge en die beste koffie in die geweste om die innerlike te versterk.

Die koffiewinkel is oop van vroegoggend tot laatmiddag, so kom skeep asem en smul!

### Tony Park – *Scent of Fear*

Woensdag, 26 Junie 10:00

Gesprek-leier: Annemarie van der Walt.



Tony Park is 'n topverkoper van avontuurboeke in die trant van Wilbur Smith.

Sy sestiende boek, *Scent of Fear*, het einde verlede jaar verskyn en Tony kom gesels daarvoor en oor sy skrywerslewe wat hom as Australiër ses maande elke jaar na Suid-Afrika bring.

### Madeleine Rust - *Doodsengel*

Woensdag, 26 Junie 12:00

Gesprek-leier: Alita Steenkamp



Madelein Rust het haarself as een van die top-misdaad- en rillerskrywers in Afrikaners gevestig met titels soos *Bloedlyn*, *Die 13de kaart* en *Monstersaad*. Splinternuut op die rak is *Doodsengel*.

'n Tweede boek hierdie jaar uit haar pen is ook die biografiese vertelling van haar reis met kanker in *Kanker Schmanker*. Meesleurend, eerlik maar ook snaaks en pittig verklap sy hoe sy die groot K geklop het.

### Jeanette Ferreira - *Bloedlelie*

Donderdag, 27 Junie 10:00

Gesprek-leier: Annemarie van der Walt



Jeanette Ferreira stel haar splinternuwe boek *Bloedlelie* bekend.

In die somer van 1838 vertrek die Voortrekkerleier Piet Retief en sowat honderd man na die Zoeloekoning Dingaan om oor grond vir die trekkers te onderhandel. In die laer by Doornkop wag sy vrou Magdalena op hulle terugkeer.

Byna honderd en tagtig jaar later gaan Hanna op soek na wat ook al Magdalena nagelaat het. Vroeg in hierdie soektog loop Hanna haar vas in 'n plaasmoord waarvoor sy nie antwoorde het nie. Bitter min is bekend oor Magdalena en haar lewe ná 1838, buiten haar brief in 1841 aan haar skoonfamilie.

“Al wat ons het, is vandag en elke mens vertel 'n storie anders. Van ver af is niks soos dit vir ons lyk nie.”

## Elise Buitendag – *Genesis of a Garden*

Do 27 Jun 12:00

Gesprekster: Johan Myburg



**Elise Buitendag** is een van die botaniste wat vyftig jaar gelede deel was van die span wat aan die Laeveld Botaniese Tuin gestalte gegee het. Sy is ook 'n welbekende botaniese kunstenaar, en van haar kunswerke is in verskeie publikasies opgeneem. In haar boek *Genesis of a Garden* deel sy haar persoonlike ervaring oor die eerste twaalf bestaansjare van hierdie besondere tuin. Talle van haar waterverf- en olieskilderye is ook te sien in hierdie pragtige koffietafelboek, wat met sorg uitgelê en gepubliseer is deur Wendy Sippel.

## Jan van Tonder – *Die Verevrou*

Vrydag, 28 Junie 10:00

Gesprekster: Annemarie van der Walt

**Jan van Tonder** het Roepman-liefhebbers lank laat wag, maar die wag was dit werd met die verskyning van *Die Verevrou*. Dit is die storie van Liora, wat op 'n volstruisplaas in Algerië grootword. Van kleins af bring sy tyd deur in haar tante se pluimery, 'n magiese omgewing waar volstruisvere omskep word in kostuums.



Maar onrus bou op in Algerië, en eindelijk word sy en haar familie gedwing om landuit te vlug. Ná jare in Parys kom Liora in die Klein-Karoo aan, op soek na haar oom Moshe. Haar lewe word opnuut omgedop, en weer, nes in haar jeug, lê daar 'n grens voor haar wat sy moet oor.

## Nico Moolman – *Dankie, generaal*

Saterdag, 29 Junie 10:00

Gesprekster: Annemarie van der Walt



**Nico Moolman** is 'n leke-geskiedkundige wat al verskeie boeke met 'n geskiedkundige tema gepubliseer het. Die jongste is *Dankie, generaal*. Hierdie pragtige kleurboek bevat meer as 100 rare foto's uit die Anglo-Boereoorlog waarop Nico die afgelope paar jaar in sy "speurtoegte" afgekom het. Dit sluit in etlike glasnegatiewe uit die oorlog waarvoor hy 'n spesiale skandeerder moes laat maak het om dit te digitaliseer. Nico is ook 'n

storieverteller van formaat en hierdie gesprek gaan wye draaie neem!

## Netwerk24 Sake en Sauvignon

### Gespreksreeks

Gesprekster: Theo Vorster

Venue: ATKV-Boeke-oase, Hoërskool Nelspruit  
Kultuursentrum

Datum en tyd: Wo 26 Jun tot Vr 28 Jun 15:00

Tydsduur: 60 minute

Gratis

In hierdie gesprekke kom verskeie aktuele sake aan die bod. Theo Vorster gesels met kenners en jy word uitgenooi om saam te kom gesels.

### Wo 26 Junie

***Wanneer is genoeg nou eintlik genoeg – die somme agter beleggings, aftrede en die duurste foute wat mense maak.*** Die grootste risiko is dat jou geld opraak voor jou tyd opraak. Ons gesels oor die wiskundige beginsels op die pad na finansiële onafhanklikheid en lig die grootste en duurste foute uit wat mense op hul reise na finansiële vryheid maak.

### Do 27 Junie

***Diversifikasie en oorsese beleggings – hoe, wanneer en die gevaarligte.*** Die enigste manier om risiko's en die wisselvalligheid van die finansiële markte te bestuur is om kapitaal oor 'n verskeidenheid bronne van inkomste, groei en risiko te versprei. Ons lê klem op buitelandse beleggings, die gevaarligte en watter geleenthede in ag geneem moet word wanneer kapitaal in die buiteland belê word.

### Vr 28 Junie

***Oor generasie-welvaart – van R1 m. tot R100 m. – wat is die kernbeginsels, foute en flaters?*** Om iets aan jou kinders of kleinkinders na te laat, hoe groot of klein ook al, is ons almal se doelwit. Met die oordrag van kapitaal na die volgende generasie is daar egter beginsels wat in gedagte gehou moet word en foute wat vermy kan word.